

8 Julie

Skrifgedeelte: Handeling 10:1-20
Fokusgedeelte: Handeling 10:2, 9

Waar gelowiges bid, gebeur dinge!

In die gedeelte lees ons van twee mense wat bid, Kornelius en Petrus. Dit is merkwaardig dat Kornelius, 'n Romein (Italianer), wat in die oë van die Jode 'n heiden was, die Here ken en gereeld gebid het. Die Here verhoor sy gebede en stuur 'n engel na hom, sodat hy vir Petrus kan laat haal.

Juis wanneer Petrus besig is om te bid, kom Kornelius se mense by hom aan. Petrus het so pas 'n gesig gesien wat sê dat, anders as wat die Jode geglo het, mense van alle volke gered kan word. Daarom huiwer Petrus nie om saam met die mense na Kornelius te gaan nie en om selfs in Kornelius se huis in te gaan nie, ten spyte van die Jode se gebruik (:28).

Petrus begin preek en sê: "Waarlik, ek begryp nou eers dat God nie onderskeid maak nie, ³⁵maar in enige volk die mense aanneem wat Hom vereer en doen wat reg is. ³⁶Julle weet dat God aan Israel sy woord gestuur het, naamlik die evangelie van vrede wat Jesus Christus gebring het. Hierdie Jesus is Here van almal" (:34-36).

Hierdie wonderlike gebeure het plaasgevind omdat 2 manne gebid het!

Bid saam vir die volgende:

- Dat ons ook soos Kornelius en Petrus gereeld sal bid.
- Dat ons gebede ook met barmhartigheidswerk gepaard sal gaan (:2).
- Dat die Here ons sal gebruik sodat die evangelie grense na ander volke sal oorsteek.
- Dat ons ook soos Petrus die evangelie met vrymoedigheid en aan almal sal bring (:34-43).

Sing: Psalm 117 (1936)

Ds. HPM (Malan) van Rhyn (Pretoria-Noord)